Wat het jy in jou Hand?

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: Eng/Afr. B292A

Skriflesing uit: 1 Sam. 17:40-50

Kernvers: 50- 'So het Dawid dan die Filistyn oorweldig met 'n slinger en 'n klip. En hy het die Filistyn verslaan en hom gedood alhoewel daar geen swaard in Dawid se hand was nie.'



In die Christen se lewe is daar min dinge wat jou so kan lamlê soos mismoedigheid. Aan die een kant het jy groot verwagtinge gehad wat nie uitgewerk het vir jou nie; aan die anderkant sien jy mense wat wonderlik deur die Here gebruik is. Mense met groot talent - groot predikers en sangers.

Jy voel klein en onbeduidend teenoor hulle en sê miskien: ag! Wat kan ek vir die Here doen, ek kan nie preek of mooi sing nie, ek kan skaars my mond oopmaak – so wat beteken ek nou juis vir die Here?

Maar ek wil vandag vir u vra, liewe leser: Wat is in jou hand? Elkeen van u het iets om vir God te gee. Hy maak iets daarvan en Hy maak dit groot…

Dawid was jonk en op neergesien deur sy broers – hulle was pragtige fris geboude jong manne wat saam met Saul geveg het. Selfs Samuel het nie gedink dat God vir Dawid sou kies nie. Sy broers wou nie eers hê dat hy naby die gevegsfront moes kom nie.

En juis hierdie ou vaal seuntjie met sy slingervel, is deur God gebruik om die reus te verslaan. Daarom wil ek u vandag bemoedig liewe leser, en vir u vra: Wat het u in u hand? Gee dit vir God en Hy sal dit groot maak!